Somerstrand
Ned. Geref. Gemeente

Gemeentebrief

Jaargang 25
Uitgawe 2
Augustus 2008

BEDIENINGSBRIEF

Rethie van Niekerk

Om met vreugde te lewe en met liefde te dien vanuit 'n vaste geloofsverbintenis met Jesus Christus ons Hoof... en so snel die lewe voort. Ons knip ons oë en die jaar is amper verby, ons is reeds volstoom aan die beplan vir volgende jaar. Te midde van die snelle pas moet ons ook soms stilstaan en vra: wat is die Here besig om te doen? Hoe help hy ons om die roeping te leef wat hy vir ons gegee het?

As ons oor die eerste helfte van die jaar terugkyk, dan is dit duidelik dat ons besig is om te leer om al meer geloofsonderskeidend te werk, om al meer die Here se wil te soek in alles wat ons doen en die besluite wat ons neem. Dit is een van die gevolge van die fokus op gebed wat die Here op ons harte gedruk het. Deur sy Gees is die Here besig om ons vaste geloofsverbintenis met Jesus te versterk. Al meer mense neem deel aan die "biddend luister" en soek op dié manier die Here se wil vir alles in die gemeente.

Terselfdertyd is daar ook 'n groot beweging om dinge vas te maak, om veral bestuursake vaartbelyn te maak en binne 'n goed geordende sisteem te laat funksioneer. Hier is veral mense soos Frik Buys en die ander wat besig is om aandag aan die bestuur te gee, besig om die hele gemeente met liefde te dien.

Wat ons ander fokusarea - kleingroepe - aanbetref, sien ons ook die gemeente se visie gestalte kry. Chris, wat die kleingroepe gereeld besoek, vertel dat hy 'n

intense betrokkenheid by mekaar en die gemeenskap opmerk. In die Bybelstudiegroepe word daar diepsinnige, intense gesprekke gevoer. Die Here is steeds besig om die kleingroepe te gebruik om ons geloof te verinnig.

Natuurlik is die jaar nog nie verby nie! Ons sien met opgewonde verwagting uit na September se Lentefees. Daar is interessante, soms moeilike, gesprekke aan die gang rondom ons eredienste - ook hier is ons besig om ernstig na die Here se leiding te soek. Ons wil ook graag saam dink oor ons totale kommunikasie-strategie: webtuiste, blog, afkondigings, Gemeentebrief, ens. Ons hoop om 'n span entoesiastiese mense bymekaar te kry om saam hieraan aandag te gee (as jy graag wil deel wees hiervan, kontak die kerkkantoor). Hou veral hierdie spasie dop... wie weet hoe die gemeentebrief in die toekoms daar gaan uitsien?

Terwyl ons so met vreugde lewe, met liefde dien en groei in ons geloofsverbintenis met Jesus, bid ons dat ons sal voortgaan om 'n hawe te wees vir mekaar en al meer daarin sal slaag om 'n hawe te wees vir ons gem eenskap.

Lees Binne

Transkei: Die Zithulele-Uitreik	2
Uit die Senode-1	3
Uit die Senode-2	3
Help ons in missie	5
Staying in touch	5
Ek het nie tyd nie	6
CMR	5
Nuwe Webtuiste	6
'n Briefie uit Frankryk	8
Dank vir ondersreuning	8

TRANSKEI : DIE ZITHULELE-UITREIK

Lambert Jacobs

Die uitreik was 'n grootse belewenis. Vir my persoonlik te meer nog vanweë God se voorsiening om vir my die pad oop te maak na Zithulele toe. Om maar 'n paar voorbeelde te noem: Ek moes die volgende op my bakkie vervoer: sewe swartsakke vol tweedehandse klere, drie kartondose Bybels, vyf kartondose leesboeke en ander skooltoerusting, een kartondoos breekware, agt sespakke melk, 'n kartondoos breekware, twee kratte balle en speelgoed, 'n tent en kamptoerusting, klerasie en 'n gereedskapskas.

Ek het besef ek sal my sleepwa ook moet inspan. Maar ongelukkig het ek nog nie 'n sleepstang aan my bakkie nie en op daardie stadium ook nie die geld om een te laat installeer nie. Hier uit die bloute laat weet 'n "naby-iemand" teenoor wie ek dit terloops tydens 'n gesprek genoem het, dat ek die sleepstang moet laat aanbring; die geld is reeds in my bankrekening inbetaal. Ek het nie oor 'n geskikte tent beskik om saam te neem nie. Sonder dat ek 'n woord daaroor teenoor iemand gerep het, gee 'n vriend vir ons 'n nommerpas tent present. Ek het tans 'n lastige gesondheidsprobleempie. Dog vir die hele duur van die uitreik het ek absoluut geen las daarvan gehad nie.

Dit was 'n groot voorreg om deel te wees van 'n groep mense wat net gekom het om elkeen sy of haar besondere Godgegewe gawe te kom uitleef in diens van die Here. Die groep het bestaan uit 22 lidmate van Kenridge-gemeente in die Kaap, 8 lidmate van Klema en een van Somerstrand. Die organisatoriese gedeelte is waargeneem deur Philip en Anita Venter van Kenridge en plaaslik deur Christie en Marlie Viljoen van Klema. Ds. Johan du Plessis van Kenridge het opgetree as kampleier (hy was ook 'n baie bekwame messelaar!). Hoewel jongmense die grootste gedeelte van die groep uitgemaak het, was daar ook 'n hele paar van die ouer garde. Die merkwaardigste was mev. Ina Oosthuizen wat reeds 76 is en haar sesde Zithulele-uitreik onderneem het. Sy was gemoeid met Wetenskaponderrig. Nog merkwaardige mense was ons kok, ene Willie Pienaar en sy vrou Kleintjie. Hulle het 'n vyfster restaurantspyskaart, uit die boek, aangebied. Ek het eers later verneem dat Willie van beroep 'n professor in psigiatrie aan die Universiteit van Stellenbosch is.

Die uitreik het hoofsaaklik om vyf projekte gesentreer, nl.

1. 'n Onderwysprojek: Daar is 'n vakansieskool vir graad 11- en 12-leerders aangebied in vakke soos Wiskunde, Wetenskap, Engels en Lewensoriëntering.
2. 'n Kleuterprojek: Dit was goeie voorbereiding vir 'n kleuterskool wat die Zithulele-gemeente volgende jaar wil begin.
3. 'n Bouprojek: 'n Kombuis by die kerk is gebou. Na vyf dae kon die dak opgesit word, maar die interieur kon nie voltooi word nie.
4. 'n Mediese projek: 'n Dokter en 'n tandarts uit ons geledere het hulp verleen in die hospitaal en klinieke in die omgewing.
5. 'n Naalwerkprojek met vroue van die gemeente.

Verblyf is gevind in tente. Na ons aankoms die Sondagmidag is ds. Ntlatywa se pastorie grasperk in minder as 'n uur omskep in 'n tent "township". Ablusiegeriewe was vir dames in die pastorie en vir mans in 'n buitetoilet (met 'n fantastiese uitsig oor die see). 'n Tydelike stort is teen die een muur van die buitegebou aangebring. Die buitegebou self is ingerig as kombuis en stoorkamer.

Die Donderdagmiddag het ons vroeg ophou werk om 8 km. daarvandaan te gaan kyk na die natuurwonder "Hole in the Wall". Dit is sekerlik een van die mooiste plekke in ons land.

Ek gaan DV weer volgende jaar . Wie gaan saam? Ons soek groter betrokkenheid uit ons gemeente. Die selgroep waaraan ek behoort (is dit nie tyd dat elke selgroep ter wille van identifikasie vir homself 'n naam kies nie?) het drie jaar gelede al verantwoordelikheid aanvaar vir ondersteuning aan Zithulele. Ons kan egter net soveel meer bereik as meer selgroepe hierdie verantwoordelikheid met ons wil deel. Dink daaroor en laat weet.



Ds. Johan du Plessis en ds. Joseph Ntlatywa voor die kombuis in aanbou.

Lambert Jacobs en Riette Nel by Hole in the Wall.

UIT DIE SINODE -1

Die Sinode van die NG Kerk in Oos-Kaapland het na hulle vorige vergadering in Port Elizabeth sekere besluite en verklarings aan alle kerkrade gestuur vir kennisname. Ons kerkraad het op sy beurt besluit om 'n aantal hiervan deur middel van die gemeentebrief onder die aandag van die hele gemeente te bring.

GELOOFSVERBINTENIS

Ons glo aan een kerk as spieëlbeeld van ons een God: Vader, Seun en Heilige Gees.
Daarom verbind ons ons aan eenheid onder mekaar, in ons kerkfamilie en met ander Christene oor die wêreld.
Ons glo aan `n heilige kerk wat deur wet en belydenis `n ligdraer in die wêreld is.
Daarom verbind ons ons om as Geesvervulde mense prakties aan die evangelie gestalte te gee.
Ons glo aan `n algemene kerk wat weens Christus se koningskap oor tyd en ruimte heen bestaan;
Daarom verbind ons ons om die boodskap van Christus oor die wêreld heen te dra.
Ons glo aan `n Christelike kerk wat as barmhartigheidsgemeenskap in Christus gesalf is;
Daarom verbind ons ons om met dade lief te hê en blymoedige offers te bring.
Ons glo aan die gemeenskap van die heiliges wat hulle gawes met vreugde tot nut van mekaar gee;
Daarom verbind ons ons om na mekaar om te sien en die ander se belang eerste te soek.

UIT DIE SINODE -2 GEREFORMEERDE IDENTITEIT (VERKORTE VERSLAG)

1 Gevare

1.1 'n Gevestigde kerk met baie bates, tradisie en menslike hulpbronne loop die gevaar om nie langer vanuit sy Bybelse identiteit besluite te neem nie, maar in terme van sy korporatiewe belange en ter wille van sekondêre oorwegings.
1.2 Daar is vanuit talle oorde druk op die NG Kerk se Gereformeerde identiteit, soos dit tot uitdrukking gebring word deur 'n gereformeerde spiritualiteit en die belydenisskrifte.
1.3 Vanuit hierdie oorwegings het die Algemene Sinode 'n verslag aanvaar oor Gereformeerde spiritualiteit wat vir gemeentes, ringe en Sinodes van die uiterste belang is. Die volledige dokument is beskikbaar op ons gemeente se webtuiste www.ngkerksomerstrand.co.za , of by die kerkkantoor. Lewer gerus kommentaar!

2 Aspekte van Gereformeerde Identiteit

2.1 Die kern van die kern: 'n Gerigtheid op God.
Vir die gelowige gaan dit in die eerste plek oor 'n gerigtheid op God. Die eerste woord wanneer ons oor die NG Kerk se identiteit praat, kan nie "gereformeerd" wees nie. Ons is nie in die eerste plek "gereformeerdes" nie. In die eerste plek is ons "Christene", mense wat aan God behoort.

2.2 Christus, Skrif, Genade, Geloof

2.2.1 In die Gereformeerde teologie is daar oor die jare telkens teruggegryp na die boustene van die Reformasie en is die kernsake telkens nuut geinterpreteer. Een van die bondigste maniere om Gereformeerdheid uit te druk, is via die vier "solas".
2.2.2 Teenoor die tradisie soos vasgelê in leeruitsprake en kerklike beheer oor die uitleg van die evangelie, en teenoor natuurlike kennis van God, staan sola scriptura (net die Skrif).
2.2.3 Teenoor bemiddeling deur die priesteramp, staan solus Christos (net Christus).
2.2.4 Teenoor enige natuurlike grond waarop God ons sou red, staan sola gratia (genade alleen).
2.2.5 Teenoor enige vorm van goeie werke om jou vir God aanvaarbaar te maak, staan sola fide (geloof alleen).

2.3 Die Heilige Gees

2.3.1 Die feit dat Calvyn soveel klem op die werk van die Heilige Gees plaas, is tiperend van die teologie in gereformeerde konteks. Die lewe voor God is `n lewe in die kragveld van die Heilige Gees.
2.3.2 Betreffende die gawes van die Gees, verwerp Gereformeerdes die vooropstelling van een gawe (bv talespraak) as uitsluitlike teken van Geesvervulling. Klem val daarop dat alle gawes (genesing, lering, ensovoorts) tot opbou van die gemeente sal wees, en dat die liefde die allerbeste gawe van almal is.
2.3.3 Betreffende die "doop met die Heilige Gees", aanvaar Gereformeerdes dat Christene die heiligmaking moet najaag, maar terselfdertyd dat niemand kan bely dat Jesus die Christus is sonder die Gees nie. Daar is dus nie mense wat "meer" of "minder" van die Gees het nie, omdat God se Gees self 'n Persoon en dus onverdeelbaar is.

2.4 Die kerk

2.4.1 Die kerk speel `n groot en belangrike rol in die lewe van gereformeerde gelowiges. Die kerk het sy bestaan aan God te danke en behoort nie aan ons nie. Ons behoort aan God. Dit is God se geskenk aan die wêreld waardeur Hy ter wille van die wêreld werk. Die roeping van die kerk kan as Gestuurdes van God omskryf word. Die kerk behoort in wese altyd op die wêreld gerig te wees en op pad na die wêreld te wees.
Wanneer oor gemeente-wees nagedink word, word twee sake in een asem genoem. Die gemeente is volledig kerk, maar is nie die hele kerk nie. Daarom verstaan Gereformeerdes die gemeente altyd as kerk-in-verband en is daar `n afwysende houding teenoor vorme van kerkplanting wat om welsprekende individue gebou en buite enige verband gestig word. Die eenheid van die verband en eenheid met die hele Christelike familie is van deurslaggewende belang omdat Christus net een bruid het.
2.4.2 Die ampsbeskouing is van so `n aard dat leierskap in die kerk altyd die dienskarakter moet vertoon. Die gelykwaar-

digheid van die ampte sluit heerskappy en hiërargie uit. Die gereformeerde stelsel van kerkregering is op hierdie ampsbeskouing gebou. Die besluite van kerkvergaderings moet deurentyd aan die Woord gemeet word en dit is Christus wat deur Woord en Gees die kerk regeer.

2.5 Sakramente

2.5.1 In die Gereformeerde tradisie word die sakramente gesien as "tekens en seëls" waardeur God ons help om te verstaan dat Hy ons eerste liefgehad het. Dit is middele waardeur die Heilige Gees in ons werk om ons geloof te versterk. Dit help ons om iets van die Here se genade te verstaan. Die waarheid van die sakramente lê daarom nie in die tekens self nie en ook nie in die manier waarop die gebruiker dit ervaar nie, maar in Jesus Christus.
2.5.2 Die diepste verskil tussen die Gereformeerde doopbeskouing en die siening van voorstanders van die bekeringsdoop lê juis hier. Vir laasgenoemde dui die doop primêr op iets wat in die dopeling se eie lewe gebeur het. Dit is 'n getuienis van die dopeling se bekering en geloof. Vir Gereformeerdes wys die doop en nagmaal ons weg van onsself. Dit rig ons geloof op Christus se kruis en opstanding - sodat die sakramente gesien kan word as "sigbare evangelieverkondiging."
2.5.3 'n Ander manier om hierdie onderskeid te stel, is om te sê dat, vir Gereformeerdes, ons geloof op die sakramente rus en nie andersom nie.

2.6 Liturgie

2.6.1 Die Gereformeerde tradisie is 'n "hoor-tradisie" en plaas groot klem op die lees en uitleg van die Bybel. 'n Mens kan dus verwag dat prediking - kontekstuele Skrifuitleg - 'n sentrale moment in die erediens sal wees.
? Dis egter nie die enigste manier om die Bybel "aan die woord" te stel nie: Liedere, gebede en getuienisse versterk die rol van die Bybel. Die sakramente met tekens van water, brood en wyn is ook "sigbare Woord". Die belydenisse en belydenisskrifte stem met die Woord ooreen, en behoort integraal deel van elke erediens te wees.
2.6.2 Waar simbole (bv. kruise, kanselklede aangepas by die kerklike jaar) of rituele (salwing, uitsending) op visuele manier die Woord bevestig en versterk, pas dit in die groter geheel dat God hier met sy kinders op verskillende maniere praat.
2.6.3 Verantwoordelike liturgiese vernuwing - wat byvoorbeeld ander begeleidingsinstrumente en nuwe liedere in die idioom van die tyd betref - is wesenlik deel van die voortgaande reformasie en moet aangemoedig word sonder prysgawe van liturgiese middele wat die toets van die tyd deurstaan het.

2.7 Koninkryk

2.7.1 Gereformeerdes het altyd 'n oog gehad daarvoor dat die Koninkryk groter is as die kerk. God is nie `n afdelingshoof nie. Hy regeer oor die kosmos. Selfs al is die realiteit van die gebroke wêreld deurgaans teenwoordig, is daar ook orals tekens van die voorsienigheid en sorg van God sigbaar. Gelowiges het die roeping om orals tekens van die Koninkryk op te rig en vanuit die heerskappy van God te leef. Daarom word die begrip roeping nie vir sogenaamde geestelikes gereserveer nie en word arbeid as sodanig as roeping gesien.
2.7.2 Met hierdie perspektief in gedagte is die piekniek saam met die gesin nie minder geestelik of minder belangrik as huisgodsdiens nie. Die misverstand dat genade en natuur teenoor mekaar staan, is goed deur die gereformeerde teologie bestry. Die genade staan nie teenoor die natuur nie, maar teenoor die sonde. Dit beteken dat genade die menslike natuur bevry. God wil dus nie hê dat ons al geesteliker word om sodoende ons menswees te onderdruk nie. Deur God se genadige betrokkenheid by ons word ons weer in staat gestel om egte mense te wees. Die Gees bevry ons van selfsug en selfgesentreerdheid en help ons om weer mens tussen mense te wees.
2.7.3 Daar is daarom 'n aardsheid en 'n natuurlikheid wat tipies is van gereformeerde vroomheid. Dit sou tipies gereformeerd wees om jou op 'n verantwoordelike wyse in die genietinge van die lewe te verlustig. Dit kan enige iets wees van 'n piekniek by die dam tot 'n besoek aan die teater of dalk die worsteling om die waarheid by 'n Bybelstudiegroep. Piekniek én preke is nodig en deel van die lewe voor God.

2.8 Belydenisskrifte

2.8.1 In die NG Kerk word die standpunt gehandhaaf dat die erkende belydenisskrifte as gesagvolle uitdrukking van die gereformeerde geloofsoortuiging aanvaar moet word omdat (quia) hulle met die Woord van God ooreenstem. Hulle het gesag in die saak wat hulle volgens die Skrif wil bely.
2.8.2 Die NG Kerk besef dat die belydenisskrifte historiese dokumente is wat op meer as een manier die merktekens van die tyd waarin hulle ontstaan het, vertoon. Dié feit kan vir sommige in die kerk 'n struikelblok wees om hulle in die huidige omstandighede heelhartig te onderskryf. Tog is die erkenning van die historiese aard van die belydenisskrifte nie iets wat die gesag daarvan ondermyn nie. Trouens, ons aanvaar dan dat dieselfde verstaanreël vir die Bybel geld. Hoe dan nou anders met die Belydenisskrifte? Juis omdat die kontekstuele verstaan van die Bybel so belangrik is, is die Gereformeerde tradisie die enigste een waarin belydenisskrifte voorkom.

2.9 Mensbeeld

2.9.1 Die gereformeerde mensbeeld is baie positief en realisties. Jy moet jouself sien soos God jou sien. Dit bring jou by 'n goeie en realistiese selfbeeld.
2.9.2 En wat is dan die inhoud van hierdie kennis van onsself? Uit die kennis van God as 'n genadige, regverdige, liefdevolle God, word die gelowiges opgeroep tot die verwondering oor die genade van die verkiesende God. Juis dit beteken dat ons nie meer aan onsself behoort nie, maar aan God. Daarom word die formulering "ons behoort nie aan onsself nie" dikwels in die gereformeerde belydenisse aangetref. Dit beteken dus verantwoordelikheid en dissipelskap. Dit beteken dat ons met ons nuwe status moet leef as mense wat ook lief het, genadig is en geregtigheid soek.

2.10 Verbond

2.10.1 Die begrip "verbond" was nog altyd 'n besonder belangrike en bruikbare konsep om kort en eenvoudig die aard van die verhouding tussen God en mens te beskryf. Die eensydige aard van die verbond as iets wat deur God ingestel is, is net nog 'n wyse om die "genade alleen" te beklemtoon. Die totstandkoming van 'n verhouding tussen God en mens is alleen op grond van sy vrye guns alleen.
2.10.2 Die uitwerking wat hierdie verbintenis op die lewe van mense het, bring die aspek van gehoorsaamheid na vore. Daar is altyd twee nie-gelyke partye in die verbond betrokke. Die genadige God roep mense op tot gehoorsaamheid.
2.10.3 Verbondsmense wat aan God verbind is, lewe vanuit hierdie verbondenheid 'n nuwe lewe.

HELP ONS OM ONS MISSIE TE VERVUL!

Martie Coetsee Voorsitter, Bedieningsraad

Die missie van ons gemeente lui soos volg : Die NG Kerk Somerstrand is 'n hawe wat mense versorg en stuur, sodat ons met vreugde kan lewe en met liefde kan dien vanuit 'n vaste geloofsverbintenis met Jesus Christus ons Hoof.

Aan hierdie missie word uiting gegee in die verskillende bedieninge van ons gemeente, waar talle gemeentelede reeds volgens hulle gawes besig is om diens te lewer. Daar word jaarliks begroot vir uitgawes deur die verskillende bedieninge. Hierdie fondse kom uit die dankofferbydraes. Die gemeente se vaste uitgawe verpligtinge word eers nagekom, waarna die res van die geld in die begroting vir die bedieninge bewillig kan word.

Verskeie diensaksies moes die laaste twee jaar ingekort word vanwee 'n tekort aan fondse. Dit is 'n hartseer situasie, juis nou wanneer die nood in die gemeenskap al hoe groter word. Die jaarlikse bydrae aan die Christelik-Maatskaplike Raad moes byvoorbeeld met die helfte verminder word. Daar is geen geld beskikbaar vir die noodspens nie en aktiwiteite rakende senior burgers en die jeug is om dieselfde rede drasties ingekort. Fondse vir die Getuienisbediening is ook met die helfte besnoei. Dit is maar enkele voorbeelde van diensaksies wat geraak word..

Ons wil nie vir gemeentelede wat getrou dankofferbydraes gee vra om meer te gee nie, maar wil opreg vra of die nagenoeg 40 % van die gemeente wat glad nie 'n dankoffer gee nie, nie ook wil help om ons bedieninge in staat te stel om voluit diens te kan lewer nie.

Hoekom is dit nodig om 'n dankoffer te gee? In 'n stuk deur Buvton oor rentmeesterskap brei hulle hieroor uit. Die Here het ons aangestel as rentmeesters, oftewel bestuurders. Alles behoort aan Hom (Ps. 24), Hy is die eienaar. Om bestuurder te wees, beteken dat ons God se eienaarskap en heerskappy deur ons optrede erken. Wanneer Hy as Koning erken word, word ons Koninkryksmense wat diensbaar is. Die ontvanger van die dankoffer is die kerk hier op aarde, en dit word aangewend om die Koninkryk in stand te hou en uit te brei. So beoefen ons as Christene ons rentmeesterskap.

Die dankoffer het dus vir die gelowige persoonlike waarde, want daardeur word met woord en daad dankie gese vir die genade wat ontvang is. Die offergawe het daarnaas ook 'n kerklike betekenis, want soos wat die Here ampte ingestel het vir die bearbeiding van die gemeente, so het Hy die dankoffer as inkomstebron ingestel, waaruit God se kerk moet leef.

'n Gewende God verwag mense wat ook gee. Die Christen rentmeester is 'n blymoedige gewer. Soos God gee en Christus 'n selfgewende Verlosser is, so gee sy volgelinge om hulle nuwe natuur in Christus te toon. Hulle gee van hulleself en van hul besittings. So word dit moontlik om Christelike dienswerk te doen.

In ons gemeente is daar ses bediengsgroepe, wat elk 'n wye verskeidenheid diensaksies insluit en waar daar altyd ruimte is vir nog mense om betrokke te raak. Die inligting van die bedieninge en die name en telefoonnommers van kontakpersone is alles in die gemeentekalender beskikbaar.

Maak gerus gebruik daarvan!

STAYING IN TOUCH

Tokkie Young

Elke Dinsdagaand om halfses vir die afgelope vyf weke het 'n groepie van sewe van ons saam met Ds Chris byeengekom vir "Staying in Touch", 'n intensiewe kykie in hoe om op God te konsentreer en om sy gawes te ontvang. Soos John Ackerman in die inleidende notas sê: Staying in Touch beteken om liefde en kommunikasie met ander en die Gees te kies. Dis soos wanneer jy na 'n aand se kuier saam met vriende sê "kom ons behou kontak". Hierdie reeks wil jou leer om waarlik in kontak te kom en dit te behou, met die Gees in jouself en in ander. Dit is nie 'n program wat ontwerp is om voorgeskrewe resultate te bereik nie, maar 'n proses oop vir die Gees.

Maar ek wil nie oor die inhoud praat nie - dit moet almal self belewe - maar oor wat die aande vir ons elkeen afsonderlik en as groep beteken het. Dit help jou om regtig stil te raak en op God te konsentreer, dit bring ongelooflike verdieping in jou stiltetyd en ook jou gebedslewe want dit "dwing" jou om werklik te luister en na binne te keer. Die konsep STOP, KYK EN LUISTER is een van die "oefeninge" om te doen. Om terug te kyk na die afgelope 24 uur in jou daaglikse lewe en te kyk waar jy God se voetspore sien. Waar het jy liefde ontvang en liefde gegee, waar het jy stilgestaan en "wow" gevoel? Om tot stilstand te kom en te oordink en te bepeins en dan te doen.

Elkeen wat dink dat jy nie voor ander mense jou diepste gevoelens kan ontbloot nie, moet nie bang wees nie. Ons het spontaan oopgemaak en by mekaar geleer, besef ander voel ook soos jy en mekaar aanvaar net soos ons is. In ons groep was 'n egpaar wat aan die Walmer Metodiste gemeente behoort. Natuurlik was ons vir hulle "vreemd " en het hulle vir mekaar gevra of hulle hul harte durf oopmaak by ons. Hulle is egter uiteindelik weg met die hoop dat hulle 'n volgende keer weer kan aansluit en het opregte meelewing saam met ons ervaar. Vir elkeen was dit 'n heerlike geleentheid om te leer hoe waardevol dit is om regtig in voeling met jou Skepper te kom en te "luister" na wat Hy daagliks vir jou op talle maniere sê en wys.

EK HET NIE TYD NIE : DIE SLAGSPREUK VAN ONS TYD. GEDAGTES OOR TYD EN DIE BENUTTING DAARVAN.

Frik Buys

Ewigheid is 'n tydlose begrip. Dit het geen begin of einde nie en die werklike betekenis daarvan kan slegs aan God toegedig word omdat Hy tydloos is. Hy is van ewigheid tot ewigheid. Geen menslike denke kan die begrip omvat nie.

Met die Skepping het God aan die ewigheidsdimensie 'n tussengang van tyd geskep wat vir die mens bevatlik was. Hy het 'n ritme daargestel, waarvan die ritme van dag en nag en die natuurlike verloop van die seisoene vir die mens in sy daaglikse bestaan die ingrypendste was.

Met die verloop van tyd het die mens die geskape ritme begin verstaan en geformaliseer van een gebeurtenis tot 'n ander soos wat die ritme hom herhaal het. Die mens het die dag- en nag-siklus in wat vandag bekend staan as ure, minute en sekondes opgedeel, asook in twee daghalftes, ons bekende voor- en namiddageenhede. Die verdere uitbouing hiervan in weke, maande, jare en eeue is aan ons goed bekend.

Die mens het egter ook intens bewus geword van sy sterflikheid, wat die einde van sy lewe op aarde beteken het. Hoewel ons bewus daarvan is dat daar verskillende leeftyds- metinge in bv. die Bybel voorkom, aanvaar ons vandag dat die gemiddelde lewensverwagting van die mens in die westerse wereld ongeveer 75 jaar is.

Die mens is die kroon van God se skepping. Lees maar Psalm 8

" As ek o Heer die nagtelike hemel daarbo aanskou.
Hoe deur U hande kunstig toeberei die maan deur sterrevelde gaan,
Wat is die mens dan dat U aan hom gedenk het.
Die mensekind wat u so ryk beskenk het
Met eer en heerlikheid is hy gekroon
Skaars minder as die engele om U troon".

Ten spyte van hierdie ongelooflike posisie van die mens in die skepping van God, is sy veblyftyd op aarde binne die konteks van God se skeppingstyd byna niks nie. Kom ons plaas net vir 'n oomblik die mens se leeftyd in 'n verstaanbare verhouding tot God se skeppingstyd. Die naaste ster (nie planeet nie) is maar drie-en-'n-half ligjare ver. 'n Ligjaar is die afstand wat lig in een jaar beweeg. Lig beweeg teen 300 000 km per sekonde. M.a.w. 60 (sek/min)x 60 (min/uur) x 24 (uur/dag) x 365,25 (dae/jaar) x 3,5 jaar.

Gewone vermenigvuldiging bring ons by iets soos 47-biljoen km uit. As ons in een van ons vinnigste bewegende vuurpyle reis teen 29 000 km per uur sal dit ons 5,4-miljoen jaar neem om daar uit te kom.

God is die bron van tyd en die ongelooflike kleinheid van die mens in terme van tyd in die skepping doen nogtans geen afbreuk aan sy wonderlikheid as kind van God nie.

As ons lewens- en wereldbeskouing die Skeppingsleer onderskryf, kan ons nie anders as om te bely dat God ook die skepper van tyd is nie en as sy kind is dit 'n genadegawe wat hy verniet aan my gee, maar ook aan my toevertrou om aan te wend tot Sy eer.

Noudat ons besef waar tyd vandaan kom en dat ons geen se het in of ons dit more weer gaan kry nie, is die vraag wat maak ons daarmee. Kom ons wees prakties. Gister is verby; ons kan slegs daaruit leer. More moet nog kom en in die geloof verwag ons nog 'n dag. Vandag se 24 uur het sy loop geloop en is ook besig om deel van die geskiedenis te word.

Kom ons neem die 24 uur van 'n dag en verdeel dit in derdes. Die gewone mens moet vir minstens 8 uur op 'n dag werk en ongeveer 8 uur rus/slaap. Die gewone mens, ek en jy, het dus nog 'n verdere 8 uur tot ons beskikking. Wat doen ons daarmee?

Voorgaande is 'n effense vereenvoudiging. Heelwat van ons werk bv. nie oor naweke nie, wat nog meer tyd by die laaste 8 uur voeg, en alle tyd kom nie in pakette nie. Laat ons nogtans kyk na wat ek en jy met hierdie tyd kan doen.

- Kom ons begin by ons liggaam, ook beskryf as die tempel van God. Ek moet tyd afstaan om my liggaam funksioneel instand te hou. Ek moet dus oefen en omsien na al die voedsel en gesondheidsbehoeftes van my liggaam.

- Ek moet sorg dat ek religieus/ emosioneel verankerd bly, wat my noodsaak om tyd aan my geloofsbeoefening af te staan. Hierdie is tyd in gesprek met my Skepper.

- Ek moet sorg dat ek sosiaal verkeer, ten einde 'n baie nodige ondersteuningsnetwerk van vriende op te bou en sodoende dit ook aan ander te bied.

- Ek moet tyd afstaan om na my huishoudelike finansiele beplanning en instandhouding om te sien, ten einde my en my gesin te versorg.

- Ek moet die gawes wat ek ontvang het ook met my gemeenskap deel. Ek moet dus tyd aan aan gemeenskapsdiens afstaan.

- Ontspanning is 'n noodsaaklikheid vir die verwerking van die daaglikse spanninge ("stress"). Ek moet dus iets doen wat ek geniet en wat my aandag totaal van my daaglikse bedryf weglei.

Kyk of jy tyd kan toedeel aan elk van die bogenoemde. Die belangrike beginsel is reelmaat en tyd van die dag. Tyd is ons kosbaarste besitting en wyse aanwending daarvan kan lei tot 'n volkome en gebalanseerde lewensbelewing tot eer van ons Skepper. Die verkwisting en wanaanwending daarvan kan lei tot 'n katastrofale ondergang.

Vrede en vreugde vir jou.

CMR : CHRISTELIK-MAATSKAPLIKE RAAD

Martie Coetsee

Die CMR bestaan reeds 64 jaar. Dit is primêr 'n diensleweringsorganisasie, met die doel om mense in nood te ondersteun, sodat hulle hulle lewenskwaliteit kan verbeter en tot hulle beste potensiaal funksioneer. Mense se maatskaplike funksionering word belemmer deur armoede, stres, siektes en verhoudingsprobleme. Met inagneming van die nood in ons gemeenskappe, kan die bestaansreg van die CMR werklik nie bevraagteken word nie. Jesus Christus het, met verwysing na die barmhartige Samaritaan, gesê: "Gaan maak jy ook so." (Luk. 10:37).

Die CMR se visie om die liefde van Jesus in aksie te wees, is steeds die manier waarop die werk gedoen word, ten spyte van tekorte in kapasiteit en hulpbronne. In die jongste jaarverslag (Apr. '07 - Mrt. '08) word aangetoon dat omvattende dienste gelewer is: 1329 gesinne is bereik, 'n verdere 1294 is op kort termyn ondersteun en 2821 kinders, 586 vroue, 134 mans en 698 ouer persone is in projekte of groepe bereik.

Die CMR se dienste word in 3 programme ingedeel, nl. Gesinsverryking, MIV/Vigs en Statutêr.

• Die Gesinsverrykingsdienste sluit in 2 voorskoolse dagsorgsentrums, bewusmaking van seksuele uitbuiting en molestering, kinder- en jeugsorg, lewensvaardigheids-programme, vroue en vrouebemagtigingsgroepe, moeder- en babaprogramme, ouerleiding en die beskerming en ondersteuning van bejaardes.

• Statutêre Dienste (Kinderbeskerming) is gerig op die plasing van kinders vir aannemingtoesig, pleegouersorg, kinderhof-ondersoeke, nywerheidskole en die hereniging van gesinne.

• Die HIV/Vigs-program bestaan uit gemeenskapsgebaseerde bewusmaking en voorkoming en tuisgebaseerde diens. Lg. is 'n holistiese diens deur vrywilligers wat tuis aan terminale pasiënte en hulle families verskaf word. Bewusmakingsprogramme word by skole, crèches en kerke aangebied d.m.v. poppekasvertonings en lewensvaardigheidsprogramme.

Somerstrand gemeentelede word opreg bedank vir hulle bydraes tot en ondersteuning van die talle projekte waarvoor dikwels bydraes gevra word. Die CMR-personeel ervaar dat daar werklik omgegee word vir mense in nood en dat die raad se hande so versterk word om sy visie uit te leef.

NUWE WEBTUISTE - raak deel van ons Internet gemeenskap!

Chris van Wyk

Die Internet is 'n integrale deel van baie van ons se daaglikse lewe. Die belangrikste bydrae wat dit maak in ons lewe, is dat dit ons help om op ander maniere te kan kommunikeer. Epos en E-nuus maak ons deel van nuwe virtuele gemeenskappe en help ons om ingelig te bly. Toenemend raak die Internet egter ook een van die eintlike en onontbeerlike maniere waardeur ons in gemeenskap met mekaar kan bly leef. In 'n bedrywige lewe is dit soms die enigste manier om effektief pastoraal met mekaar in gesprek te kan bly.

Ons het reeds begin met inisiatiewe rondom die uitstuur van SMS'e en die elektroniese Biddend Luister. Dit help ons om beter ingelig en ingeskakel in die Somerstrand-gemeenskap te wees. Ons brei dié inisiatiewe nou uit met die skep van 'n nuwe interaktiewe webtuiste www.ngkerksomerstrand.co.za . Die fokus is: 'n ingeligte interaktiewe NGK Somerstrand Internet gemeenskap.

Ons het 'n CMS (Content Management System) stelsel vir die web-ontwikkeling gekies, Joomla! Die stelsel voorkom die bottelnek van 'n webmeester wat alles moet opdateer. Die personeel kan self artikels en nuus plaas en redigeer. En alle geregistreerde gebruikers kan bydraes op die webtuiste lewer.
Die webtuiste beloof om 'n nuwe dimensie aan ons kommunikasie en gemeenskap met mekaar te verleen.

Dink net:

- **Jy kan die preek op die web gaan lees as jy 'n Sondag uitstedig was, en die belangrikste nuus.**
- **Jy kan saampraat op die blog en deel raak van ons geloofsonderskeidende prosesse.**
- **Jy kan soek vir inligting in die indeks wat outomaties opgedateer word met die inhoud van elke bydrae.**
- **Jy kan alle inligting oor ons eredienste, kleingroepe en bedieninge op een sentrale plek vind.**
- **Jy kan seker maak van die tye van vergaderings en gebeure op die gemeentekalender.**
- **Jy kan via die webtuiste deel bly van die Somerstrand gemeenskap, selfs al verhuis jy (of jou kinders).**

Die eerste fase van die ontwikkeling van die webtuiste is voltooi. Ons wil dit graag verder ontwikkel en sal enige bydrae en/of betrokkenheid waardeer.
Besoek die webtuiste vandag nog, registreer, en raak deel van 'n ingeligte en interaktiewe NGK Somerstrand Internet gemeenskap.

'N BRIEFIE UIT FRANKRYK

Corné du Plooy

Ons sendeling in Frankryk, Corné du Plooy, het onlangs tydens 'n besoek aan Suid-Afrika onder andere een Sondag by die Secunda-gemeente opgetree. Hy het later hierdie briefie aan hulle geskryf:

Hallo,Ek wou al lankal hierdie stukkie nuus met julle deel. Die Sondag toe ons by julle opgetree het, het Jan de Wet vir Claire, ons dogter (3jaar), 'n DVD gegee (Loflaaities 3). Die eerste keer toe sy na die DVD kyk (op die rekenaar, nog in Suid-Afrika) en Jan de Wet op die skerm sien, sê sy dat hy haar maatjie is. Sy het sy gesig op die skerm gestreel en met hom gepraat en sy kon nie verstaan hoekom hy haar nie antwoord nie. Nadat sy die DVD vir ongeveer 3 dae sonder ophou gekyk het, het sy van die liedjies begin saamsing, met die nodige gebare daarby. Sy het dit so geniet dat ons die ander twee DVD's in die reeks ook gekoop het. Sy geniet dit baie. Ek weet nie of iemand dit met Jan de Wet sou kon deel nie : sy musiek reik oor taal en kultuurgrense!Baie dankie. Groete Corné du Plooy

'n Vroeëre foto van Corné, Sophie en hulle kinders.

DANK VIR ONDERSTEUNING

Pieter Willem Moolman

Ons het die volgende brief van PW Moolman ontvang.
Sterkte vir jou en jou gesin vorentoe, PW. Ons hou aan om vir julle te bid.

"Jy het kanker in jou lewer. 'n Operasie in Kaapstad en daarna chemoterapie." Dit is nie lekker om te hoor nie. Hoe verwerk 'n mens dit. Jyself kan dit nie regkry nie.
Daarom skryf ek die briefie om persoonlik vir die gemeente baie dankie te sê vir die ondersteuning en gebede sover. Telefoonoproepe, besoeke in die hospitaal en krag van Bo het my en my gesin sover gedra.

Die operasie-gedeelte is verby en het baie goed verloop. Ek het "gesuffer" maar oorleef. Veral die infeksie in die wond. Ek sterk aan en voorlopig begin ek met die chemoterapiekursus teen middel Julie. (My lewer moet eers groei na normale grootte.)

Ek is bevoorreg om die ondersteuning van die gemeente te kan hê. Aangeheg 'n
stukkie wat vir my baie werd was. Miskien vir jou ook.

Dra asseblief my dank aan die gemeente oor.
Groete.

Pieter Willem Moolman.

IETS BINNE-IN

Iets diep in my fluister
Ja jy kan
Wanneer die vlees moedeloos uitroep
Ek kan nie meer nie!
Iets por aan wanneer alles gefaal het;
Wanneer ons drome in skerwe
Om ons lê.
Iets sê nie nou al nie
Wanneer ons wil sê: Genoeg!
Vanwaar die krag wat ons wankelende
Gemoed opbeur?
Wie is dit wat ons steeds bemoedig
Om aan te hou met aanhou?
"Neem jou bed op en loop," hoor ons Sy stem,
"My krag is jou krag
En daar lê nog groot werke vir ons voor".